SAKE 24 (Beeld)
30 Aug 2012, p.21

PLATTELAND

Kitsbanke kan groei bevorder

Meer kitsbanke op die platteland kan ekonomiese ontwikkeling in landelike gebiede ondersteun.

Só sê Marc Sternberg, besturende direkteur van Spark ATM Systems. Daar is volgens hom tans sowat 24 000 kitsbanke in die land en minder as 10% daarvan is op die platteland.

"Die vraag na kontanttoegang op die platteland neem toe en moet hanteer word."

Die 2011 Finscope-ondersoek toon dat 71,5% van Suid-Afrika se stedelike bevolking dienste en produkte van handelsbanke gebruik of al gebruik het, vergeleke met net 46,8% van die plattelandse bevolking.

Uit die totale bevolking van bankgebruikers trek 83% maandeliks geld by 'n kitsbank. Dis volgens Sternberg 'n duidelike bewys daarvan dat kitsbankdienste vir die meeste Suid-Afrikaners 'n noodsaaklike finansiële diens is.

Hy meen dis belangrik vir ekonomiese ontwikkeling dat basiese finansiële dienste soos kitsbanke vir alle Suid-Afrikaners beskikbaar is.

Die jongste Spark-kontantindeks, wat die onttrekkings by sowat 1 700 kitsbanke in die land meet, toon dat kontantonttrekkings in Julie vanjaar 1,3% meer was as in die voorafgaande maand. Daar was 'n toename van 9,09% sedert Julie verlede jaar in die kontantonttrekkings by kitsbanke wat op plase is.

Volgens David Wilson, senior ontleder by IHS Global Insights, was die grootste gemiddelde onttrekkingswaardes in Julie in die Oos-Kaap, Mpumalanga, Limpopo en KwaZulu-Natal. "Dit lyk of die gemiddelde waarde van die onttrekkings toeneem hoe meer plattelands 'n provinsie is."

Die platteland het gewoonlik minder debietkaartgeriewe en daarom is die nodigheid van kontant soveel groter by kleinhandelaars.

In die meer landelike gebiede is daar ook 'n groter afhanklikheid van informele kleinhandel waar kontant nodig is.

Volgens Sternberg plaas banke egter selde kitsbanke in landelike gebiede omdat hulle minder winsgewend is as stedelike kitsbanke.

Hy glo egter hoe meer kontantonttrekkingsgeriewe in die platteland beskikbaar is, hoe meer kontant sal bestee word op die plek waar dit onttrek word. Dit beteken geld gaan terug in die gemeenskap in en gee ontwikkeling daar 'n hupstoot.

– Letitia Watson